Afsit van sterte in Suid-Afrika: Regsmening

Bron: Mason Ingelyf – Petrus Coetzee
Datum: 1 Oktober 2009

Die Dierebeskermingsvereniging (DBV) het sy standpunt oor die afsit van sterte duidelik laat blyk toe hy onlangs 'n hofbevel op 'n SABT-lid in KZN bedien het oor die beweerde "onwettige" afsit van stertjies. Die hondjies is gou aan die eienaar terugbesorg, maar dit blyk dat die DBV alles in sy vermoë sal doen om 'n eerste hofsaak in hierdie verband te wen. Die DBV het ook reeds besoek by verskeie ander SABT-lede afgelê.

Die SABT het voorheen lede adviseer dat, in terme van wetgewing, dit baie moeilik sal wees om telers te vervolg vir die afsit van stertjies, tensy daar bewys kan word dat dit op 'n wrede en onmenslike manier geskied het. Lees ook Arguments for and against tails *en* KUSA: Geen wet verbied die afsit van sterte *op die SABT-webtuiste.*

As gevolg van onduidelike wetlike posisie, het bogenoemde lid duidelikheid aangaande die heersende wet by ondergenoemde regsverteenwoordigers gaan soek. Hul terugvoer het die SABT se interpretasie van die wet ondersteun en bevestig. Die SABT het vervolgens besluit om R3 000 te bewillig vir die regsonkoste in die lig van enige moontlike voordele wat ander lede dalk in die toekoms daaruit mag put indien hulle in 'n soortgelyke posisie sou beland. SABT-lede in KZN, sowel as oorsee het reeds hul ondersteuning gebied. Kontak asseblief vir Alan Pittam, SABT-raadslid vir KZN, indien u sou belangstel om tot die regsonkoste by te dra. Hieronder verskyn die volledige regsmening sodat alle lede en belangstellendes daarby kan baat vind.

Regsmening soos ontvang van Mason Prokureurs Ingelyf, Pietermaritzburg

Op die oomblik is daar, in terme van die Veeartse se Gedragskode, 'n verbod op die afsit van honde se sterte en effektief in werking vanaf 1 Junie 2008. Die SA Veterinêre Raad (SAVR) het besluit om hierdie verbod in te stel – in effek verbied dit **veeartse** om sterte af te sit.

Sou enige veearts of persoon nou 'n hond se stert afsit, sal dit as 'n oortreding beskou word en sal hy/sy in terme van Artikel 2(1) (a) van die Dierebeskermingswet, Wet 7 van 1962 vervolg kon word.

Gegewe die feit dat 'n klag aanhangig gemaak kan word vir wreedheid teenoor diere en dat vervolging kan geskied op grond van wreedheid teenoor 'n dier, kan enigie mand in terme van Artikel (2)(1)(a) van Wet 7 van 1962 vervolg word vir 'n **beweerde** oortreding.

Dit is heeltemal 'n ander saak of hulle suksesvol vervolg sal kan word.

Voordat die SAVR die afsit van sterte verbied het, was hierdie aksie gekondoneer – dit is oor die hoof gesien en nooit as wreed en onmenslik beskou nie; dit was so opgeneem in die vorige Gedragskode en telers is toegelaat om die honde se sterte af te sit.

Die SAVR het sedertdien sy Gedragskode ten opsigte van die afsit van sterte verander en dit het wel op 1 Junie 2008 in werking getree. Die SAVR het **probeer** om die vorige kondonasie op die afsit van sterte op te hef wat dan beteken dat sodanige optrede as onwettig en wederregtelik beskou sou word.

Soos dit nou is, is daar geen afkondiging van die besluit wat die SAVR geneem het nie. Daar is geen afkondiging of bekendmaking in die Staatskoerant of geen goedkeuring deur die Ministerie soos wat deur die Veterinêre en Paraveterinêre Beroepe ,Wet 19 van 1982 verlang word, nie.

Reëls wat in Artikel (30) van die Veterinêre en Paraveterinêre Beroepe Wet 19 van 1982 vervat is, maak voorsiening dat die Raad (SAVR) sekere reëls mag maak.

Artikel 30(1) (g) bemagtig die Raad om reëls aangaande enige aangeleleentheid te maak wat hy voel noodsaaklik of voordelig is vir die bevordering van sy doelwitte of ter uitvoering van sy pligte.

Die SAVR het besluit om die afsit van sterte op grond van **etiese** redes te verbied. Hierdie verbod sal dan dienooreenkomstig 'n reël wees wat binne sy Raad se mag val in terme van Artikel 30(1) (g).

In terme van Artikel 30(2), sal die reël wat onder Artikel 30(1) (g) afgevaardig is, primêr net op veeartse van toepassing wees wat met huisdiere werk.

In Artikel 30(3) staan daar dat: geen reël wat in terme van Subartikel (1) gemaak is, of enige amendement of onttrekking daarvan, in werking sal tree alvorens dit deur die Minister goedgekeur en in die Staatskoerant deur die Registrateur gepubliseer is nie.

Aangesien hierdie reël nog nie in die Staatskoerant gepubliseer is of ministeriële goedkeuring ontvang is nie (ná ’n deeglike soektog op die Regering se webtuiste re. Staatskoerant en ’n telefoonoproep na me Singh van die SAVR) is dit nie geldig nie: **die wetgewing is nog nie verander nie.**

Indien vervolging sou plaasvind, mag dit dalk ’n moontlike verweer wees, maar dit sal moeilik wees om te bewys dat die afsit van sterte die babahond onnodige pyn en lyding verskaf het of dat verminking enigsins ter sprake is.

Die aanklaer sal mediese en wetenskaplike bewyse moet indien om te kan bewys dat die afsit van die sterte op ’n wreedaardig manier plaasgevind het.

Die feite van elke saak sal in ag geneem moet word soos ons howe ’n kasuïstiese benadering sal moet aanneem. Indien die afsit van die sterte op so ’n manier gedoen is dat dit bo alle twyfel bewys kan word dat dit aan marteling, verminking of mishandeling grens, sal enige vervolging in terme van Artikel 2(1) van Wet 71 van 1962 slaag.

Die aanklaer sal bewyse van deskundiges moet inroep (bv. bewyse van ’n veearts) dat die afsit op so ’n **skokkende** manier uitgevoer is, dat die enigste afleiding wat die hof sal kan maak, is om te sê dat die hond sou gely het. Dit sal op sy beurt bewys moet word dat die hond mishandel, vermink of gemartel is.

Indien die afsit van u honde se sterte op ’n professionele manier uitgevoer is, is dit onwaarskynlik dat die hof sal kan bewys dat daar sprake van marteling, verminking of mishandeling was.